durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

1 – 15 April 2026

## 29 Maart 2026, PALMSONDAG GROOT LYDENSWEEK

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)** *Ds. Wietsche Fourie* |

Deuroffer: Studiefonds

## 2 April 2026, Donderdag LYDENSNAGMAAL

| | |
|---|---|
| 19:00 | **Lydensnagmaal (Saal)** *Ds. Leon Tait* |

Spesiale Offer: Radio Kaapse Kansel

## 3 April 2026, GOEIE VRYDAG

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Erediens (Ouditorium)** *Ds. Leon Tait* |

Deuroffer: Radio Kaapse Kansel

## 5 April 2026, SONOPKOMSDIENS

| | |
|---|---|
| ±6:00 | **Phesantekraal Plaas** *Dian Keyter* |

Slegs as dit nie reën nie

## 5 April 2026, PAASSONDAG Opstanding

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)** *Ds. Leon Tait* |

Spesiale Offer: Radio Kaapse Kansel

## GEBEURE OORSIG:

29 Maart: Palmsondag

2 April: Lydensnagmaal 19:00
3 April: Goeie Vrydag 9:00
4 April: Stil Saterdag
5 April: Sonopkomsdiens ±6:00
Paas Sondag 9:00
6 April: Gesinsdag
8 April: Skole open
10 April: Vrouekamp
12 April: Sensus '26 Bergsig
15 April: Personeel Retraite
17 April: Glow Sticks oorslaap
18 April: Uitreike: Blikskud Band
19 April: Sensus '26 Bergsig

## Paasfees

#heelhartig

| | | |
|---|---|---|
| 2 April: | 19:00 | Lydensnagmaal (**Saal**) Ds. Leon Tait |
| 3 April: | 9:00 | Goeie Vrydag (**Ouditorium**) Ds. Leon Tait |
| 5 April: | ± 6:00 | Sonsopkomsdiens (**Phesantekraal**)* Dian Keyter |
| | 9:00 | Paas Sondag (**Ouditorium**) Ds. Leon Tait |

*Sonopkomsdiens: Adderley Rd (slegs as dit nie reën nie)
(Bring stoele, komberse, koffie, ontbyt, warm klere)



Rom 12:1 - 2 is die spilpunt van die brief aan die Romeine. Dit begin met 'n ***daarom*** of ***op grond van***.

Kom ons werk terug.

Dit begin met Paulus se groet van die wat deur Jesus geroep is, geliefdes van God, geroepe heiliges van Rome.

Hy vertel dan van God se algemene openbaring sodat daar nie iemand in die wêreld is wat kan sê dat hulle nie weet van God nie.

Hierna beweeg dit na die genade van God en werke deur Jesus en daarna na sonde en die rol van genade. *Hier word 'n kritiese vraag beantwoord:* Word die genade meer, hoe meer ons sondig? Nee, beslis nie.

Romeine 8 verduidelik dat daar geen veroordeling is van dié wat **in Christus Jesus is nie** en **niks sal ons skei van die liefde van God nie.**



Ons beleef die ongelooflike genade dat die hele wêreld deel word van die volk van God.

In hoofstuk 11 gaan Paulus oor in aanbidding: *O diepte van die wysheid van God.*

Hoofstuk 12 begin met … **dáárom** gee julle oor as lewende heilige offers en dit is die wesenlike van die godsdiens.

Daarna begin Paulus eers leer van gawes en diens in die Koninkryk en gedrag van dissipels en die kerk van Jesus, wie en wat ons is.

Vooraf is dit morele voorskrifte, rituele en gebruike, maar as ons lewens eers oorgelaat word (nie aan onsself nie, maar) aan Jesus, dan vloei ons in die Heilige Gees en dra ons vrug. Ons gawes in Dissipelskap word werklik omdat ons verander om meer en meer soos Jesus te wees.

Ons gebede fokus op: **Laat U wil geskied, laat U koninkryk kom.**

Ons beleef Matteus 5 dan as 'n realiteit in ons lewens ...

-Wietsche Fourie-

# Vanuit die Uitreikkantoor …


## Geloofsgelofte-Offers (GGO) sê DANKIE!

‘n Groot dankie vir elke donasie, groot en klein, ontvang deur GGO en gesaai namens ons donateurs in die wêreld daar buite: naby en vêr. “Julle gawe is voor God ‘n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig” Fil.4:18. Dit dra veelvoudig vrug! Ons lees gereeld in die BB verhale van dank, hoop en verwondering oor God se voorsiening.

GGO is die voertuig waardeur die befondsing van alle uitreike/ bedieninge/ projekte en vennootskappe plaasvind.

Die GGO-projek in Bergsig bestaan reeds 29 jaar. Ons kon die afgelope finansiële jaar R1 008 138 verdeel.

**Die totale verspreiding van bogenoemde bedrag was as volg:**




Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika:
R 449 819 44.6%

Totaal Afrika (buite Suid-Afrika):
R 194 724 19.3%

Totaal Afrika (Suid-Afrika ingesluit):
R 644 543 63.9%

Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika):
R 353 035 35.0%

Totaal ander ondersteuning en administrasie:
R 10 560 1.1%

**Groot Totaal**
**R1 008 138 100.0%**

Die GGO-verdeling per projek / instansie vir 2025/26 is beskikbaar vir belangstellendes by Pieter Truter, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en instand hou ter ondersteuning van Sý Koninkrykswerk. *Magdalena Knoetze*








**27 Junie 2026**
**AKTUEEL**
**Hou die datum oop!**

**Daniel Shayesteh kom besoek Bergsig.**

**Voorheen radikale M*slem … vir jare nou al ’n radikale Christen. Oorspronklik van Iran. Hy kom breek ’n onbekende wereld oop.**

### Koeke nodig vir Durbanville Kinderhuis

Soek 1 persoon wat 4 plaatkoeke in die jaar sal bak vir kinders wat verjaar.



Kontak Christa 0823911615.





**VROUEKAMP 2026**
**Kleinmond**
**10 – 12 April 2026**
**R1000**

Sit aan die ketel
met Yolandé Britnelle Steyn
& Ds. Mizelle Prinsloo

**Inskrywings sluit 31 Maart 2026**

Die kostes sluit jou verblyf, etes en busvervoer in.
Navrae: Ds. Mizelle Prinsloo, ds.mizelle@bergsigdv.co.za

## Seën tot ander ...

Graag wil ons vanuit die Versorgingskantoor ook baie dankie sê aan Bergsig se lidmate vir oop harte en hande tydens die Oppie-Hoek Basaar.

Ons het twee pragtige pophuise gekry om by wit olifante te verkoop. Dit was 'n antwoord op 'n versoek van een van ons uitreikvennote, Huis Magdalena wat op soek was na 'n pophuis om tydens berading sessies te gebruik. Ons kon toe een pophuis verkoop en die ander een vir Huis Magdalena skenk.

Daar het ook 4x 2kg sakke bruinsuiker oorgebly wat ons kon skenk aan die Boesmanland ouetehuis in Loeriesfontein. Dit kon op 16 Maart saam met ander voorraad tydens 'n besoek aan Loeriesfontein afgegee word.

Alle orige wit olifante wat nie tydens die basaar verkoop is nie, is opgedeel. Spes Bona kry 'n klompie items wat by hulle basaar verkoop kan word en Badisa Trio kry bokse met items wat weer by hulle tweedehandse winkel verkoop kan word. Daar is ook 'n paar items uitgehou wat Graanendal Gemeente by hulle wit olifant tafel gaan verkoop later die jaar by die Vinkel en Koljander mark.

Bergsig kon ander met die surplus seën.

**EENMAN TUINWOONSTEL TE HUUR.**

NETJIESE EENMAN WOONSTEL TE HUUR IN STIL SINGEL. 1 SLAAPKAMER, KOMBUISIE EN SUITE BADKAMER MET BAD EN STORT, WASBAK & TOILET. ONBEPERKTE WIFI.

BESKIKBAAR 15 April of 1 Mei.

R4 850 per maand.

**Skakel 083 648 5858**







Ds. Janlu was van 1987 - 2006 leraar by Durbanville-Bergsig Gemeente. In die era was die gemeente kleiner met net sowat 200 besoekpunte. Dit was 'n tyd toe die takbokke nog in die winter die krismisrose in die kerk se tuin kom eet het.

In die 1990's het die prentjie verander. Nuwe buurte het rondom die kerk konstant uitgebrei. Toegewyd was daar deurentyd bedien.

Met sy vertrek uit die gemeente het Ds. Janlu en Ryka Efesiërs 3:17 die gemeente toegebid. As gemeente is ons dankbaar vir die 19 jaar wat Ds. Janlu en sy gesin hier spandeer het.

Dit was vir ons heerlik om met die kerk se 40ste bestaansjaar hom hier terug te ontvang en staaltjies uit te ruil. Mag hy sag rus en mag sy familie en vriende vertroos word in hierdie tyd.





Ds. Mizelle het die gemeente genooi om hul Paasfees viering uitbeeldings te stuur om ons te herinner aan die grootste liefdesdaad. V.l.n.r: Bernice & Deon Hugo, Albert Myburgh, Gert & Ina Kruger.




Ons dank die Here vir
**R447 976.69!**
Basaar poeding vreugde op die trap! Die tannie links is 93 jaar oud en kuier heerlik met haar mater op die stoep















Die Glowkidz-band het vir onlangs die lofprysing gelei. Dankie vir die ongelooflike mooi lied "Gekruisigde hande" wat julle vir ons gesing het. Tydens kategese het die Glowkidz kans gehad om hulle eie kruisie-koekies te maak. Dankie aan tannie Caroli Diener, wat kans gesien het om na die basaar, vir ons amper 200 kruisie koekies te maak.



Die Gr. 5-6 meisies het by Welgegund gaan kuier. Dit is 'n wonderlike geleentheid om saam as gesin 'n verskil te maak en om te sien hoe dit by ander gemeentes is. Dankie aan elke gesin wat die Paasverhaal help oorvertel het.

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com